(E)
Pam 2

# Magersfontein en Paardeberg.

Deur Oud-Magistraat
R. F. ALING.

Met Voorwoorde deur
Minister A. P. J. FOURIE
en
Dr. E. C. PIENAAR,
Professor in Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch.

ALI

Africana - Kamer
pam 2
ALI
P. 64/389

UNIVERSITAS
Pectora roborant cultus recti
STELLENBOSSIENSIS

E DONO
G.J. JOUBERT

PRO EC.

# VOORWOORDE.

*Kantoor van die Minister van*
*Mynwese en Nywerheid.*

Pretoria,
19 Julie 1930.

Die WelEd. Heer R. F. Aling,
Mostertdrif,
Stellenbosch.

Waarde Mnr. Aling,

Ek het die Artiekel „Magersfontein en Paardeberg" met die grootste belangstelling gelees, en dit besonder interessant gevind. Sover ek my kan herinner is die feite soos daarin uiteengesit, 'n baie getroue weergawe van die belangrike historiese gebeurtenisse en, myns insiens, is dit die beste beskrywing wat ek nog gelees het van wat daar op die merkwaardige dae in die diepbewoë en donkere tydperk van ons Volksgeskiedenis plaasgevind het.

Hier en daar kon ek — soos trouens te verstaan is — iets bygevoeg het, wat my nog baie helder voor die gees staan maar dit kom nie juis daarop aan nie.

Laat my u slegs verseker dat ek die Artiekel met die grootste belangstelling en genot gelees het. In die gees het ek dit alles weer deurleef.

Groetend,

Die uwe,

*A. P. J. Fourie.*

Hierdie saaklike en histories juiste aantekeninge uit die dagboek van **Mnr. R. F.** Aling het my weer lewendig die gebeurtenisse voor die gees geroep wat gelei het tot die ontset van Kimberley en die daaropvolgende oorgawe van Gen. Piet Cronjé, met byna 4,000 burgers, by Paardeberg op Amajuba-dag (27 Febr. 1900.

Ek herinner my nog hoedat groot manne daardie dag soos kinders gesnik het, toe hulle genoodsaak was om van hulle beproefde mausers afskeid te neem en hulle aan die genade van die Engelse oor te gee.

Soos bekend, was dit ons eerste groot nederlaag in die twede Vryheidsoorlog, wat die verdere loop van gebeurtenisse baie sterk beinvloed het.

Vir die historikus veral sal hierdie aantekeninge van 'n ooggetuie in verband met een van die uitstaande gebeurtenisse van die oorlog ongetwyfeld van groot waarde wees.

*E. C. Pienaar.*

Stellenbosch,
9 Sept. 1930.

# MAGERSFONTEIN en PAARDEBERG.

*(Deur 'n Oud-Burger wat daaraan deelgeneem het.)*

Die 10de dag van Februarie 1900, was aangegebreek. Kimberley was deur die Boere beleër, en die Engelse was op weg om die beleërde garnisoen te ontset. Die Britse leërmag, in sy voortgang gestuit, was gekampeer aan die Riet- en Modderrivier. Die Boere had hulle posiesie ingeneem aan die voet van die Magersfontein-koppies. Voor hulle, aan die suidelike oewer van die Modderrivier, was die Engelse kamp duidelik sigbaar, en aan hulle linkersy, op die noordelike wal van die rivier, het hulle hoof-laer gestaan.

In die voormiddag het Generaal Piet Cronjé berig ontvang dat die Engelse, omtrent 6,000 man sterk, met transport en artillerie uitgetrek het van Belmont oor die grense van die Vrystaat, in die rigting van Koffiefontein. Krygsraad is gehou, en ingevolge sy besluit is Generaal Christiaan de Wet en Kommandant Andries Cronjé, met 600 perderuiters, gestuur om die Engelse in hulle voortgang te stuit.

Twee dae daarna (12 Februarie) het daar 'n rapport gekom dat omtrent 4,000 Engelse aan die uittrek was van Modderrivier-samevloei in die rigting van Jacobsdal, en 100 perderuiters, onder Kommandant Martins, is toe uitgestuur om teen hulle op te ruk. Toe hulle besig was met veg te Jacobsdal, het die Generaal berig gekry dat 'n groot mag van Engelse, komende van die rigting van Graspan, aan die trek was na Rondavelsdrift, en 300 man met 'n kanon en

'n maxim onder Kommandant Tollie de Beer, is gestuur om hulle terug te drywe.

Te Jacobsdal en Rondavelsdrift is die Engelse teruggehou tot Donderdag, die 15de Februarie, toe om drie uur in die agtermiddag Generaal French, met omtrent 2,000 perderuiters na Kimberley deurgebreek het. Onmiddellik na die deurbreek van French is krygsraad gehou, en 'n besluit geneem om die posiesies te Magersfontein te verlaat en ander posiesies, verder oos, aan die Modderrivier in te neem. Dieselfde aand, 'n weinig na donker, het ons dan ook ons posiesies te Magersfontein ontruim. Ons laer is opgebreek, en ons het die hele nag met geheel ons transport langs die noordsy van die rivier getrek.

Die volgende dag (16 Febr.), teen sonsopgang, het die Engelse ons agterhoede naby Klipkraalsdrift aangeval. Aan die sy van die pad, vanwaar die aanval gemaak was, was die terrein heuwelagtig, en ons mense het dadelik besit geneem van een van die heuwels, en die vyand teruggehou. Daardeur is aan ons hele konvooi geleentheid gegee om veilig verby te passeer. Toe die konvooi Klipkraalsdrift bereik het, is agter 'n groot kop die hele dag halt gehou. Dit was toe nodig om die Engelse te belet die konvooi af te neem. Hierdie belangrike werk is dan ook uitgevoer deur 100 man onder Kommandant Froneman, en 150 man onder Kommandante Wolmarans en Frans Roos, wat posiesies ingeneem het in die koppies tussen die konvooi en die vyand, terwyl die orige burgers gebly het by die konvooi. In die aand, omstreeks 8 uur, het die 250 man hulle posiesies verlaat en op die konvooi teruggeval.

Om 8 uur in die aand het ons weer ingespan en die trek voortgesit tot sonsopgang die volgende dag toe ons Paardeberg bereik het. Hier is toe halt gehou om mens en dier 'n weinig rus te gee. 'n vergadering van die Krygsraad is ook gehou, en 'n besluit geneem om nog 3 myl verder oos te gaan en posiesies langs die rivier in te neem. Omstreeks 11 uur in die voormiddag het ons ons bestemming bereik. Ons het net begin ons laer te trek, toe onverwags uit 'n noordoostelike rigting die Engelse kanonne op die voorpunt van ons waens begin skiet het. 'n Klein mag Engelse is in die nabyheid van die kanonne gesien, komende in die rigting van die laer. Seshonderd perderuiters onder Kommandante Tollie de Beer en Martinus Wolmarans het teen hulle uitgetrek en hulle sonder moeite verdryf. Intussentyd het die voetgangers posiesies rondom die laer ingeneem, en hulle was druk besig om slote te grawe, meestal met grafies wat op die slagveld van Magersfontein by die gesneuwelde Skotte gevind was en deur die vinders as oorlogskuriositeite bewaar was. Die aand het Kommandante Wolmarans en De Beer met hulle manskappe in die laer teruggekeer. Kommandant De Beer het egter nie lank gebly nie en het nog dieselfde aand met sy manskappe uit die laer getrek, en drie myl verder oos, by Koedoesrand aan die rivier, posiesie ingeneem.

By sy aankoms op Koedoesrand het hy Generaal Cronjé laat weet dat die posiesies rondom hom baie goed was, en dat die Generaal ons laer, wat van heuwels omring was, daarheen moes verplaas. Die noodlot het egter beskik dat dit nie sou gebeur nie, en die Generaal het geweier om aan die versoek gehoor te

gee. Die môre van die 18de Februarie het aangebreek met die Engelse in besit van die heuwels van noord-oos tot suidwes. Met sonsopgang het hulle van twee kante, nl. van noordoos en van suidoos 'n hewige kanonvuur op ons laer en ons posiesies geopen, met die gevolg dat 'n groot gedeelte van ons waens aan brand geskiet is. Om 10 uur in die voormiddag het hulle begin om op die laer te storm, eers aan die suid-oostelike kant, waar die Vrystaters onder Kommandant Froneman en die Skandinaviërs onder Veld-kornet Fries hulle posiesies gehad het, en later aan die noord-oostelike syde, waar hulle te doen gehad het met die Potchefstromers onder Kommandant Wolmarans. Aan albei kante het die Engelse met 'n groot aantal maxims gestorm, dog is herhaaldemale met swaar verlies teruggeslaan, en hulle was verplig om in die aand geheel en al terug te trek.

In die namiddag het Generaal Christiaan de Wet en Kommandant Andries Cronjé, wat, soos te-vore vermeld, na Koffiefontein gestuur was, hulle verskyning gemaak, en die Engelse uit die heuwels aan die suide van ons posiesies verdryf. Hulle doel was om aan Generaal Cronjé die geleentheid te gee om hom by hulle aan te sluit. Die Generaal het egter geen kans gehad om van die geleentheid gebruik te maak nie. Ons het die dag 10 krygsgevangenes gemaak waaronder drie offisiere, met name Kaptein Faussett (First Essex), Luitenant Herbert (First Welsh) en Luitenant Roberts (Roberts' Horse). Ons verlies op die dag was: 30 gedood en 46 gewond. Een van die moeilikhede waarmee ons te kampe gehad het, was die afwesigheid van dokters of ambulans by ons.

Met sonsopgang die volgende dag het die Generaal sy sekretaris, die heer Keizer, met 'n brief na die Engelse Generaal gestuur, hom vragende om 'n wapenstilstand van 24 uur om sy dooies te begrawe en voorsiening te maak vir sy gewondes. Hy kry toe antwoord van Generaal French dat hy sy versoek aan Lord Roberts deurgestuur het, en dat hy sou waarborg dat intussen nie op ons mense sou geskiet word nie. Tegelykertyd het hy Generaal Cronjé aangeraai dat, aangesien hy tog omsingel was, dit bes vir hom sou wees om hom onvoorwaardelik oor te gee.

Teen die middag het die antwoord van Lord Roberts gekom. Hy weier om stilstand van wapens te verleen, en eis onmiddellike oorgawe. Generaal Cronjé het hom toe laat weet dat hy nie van plan was om hom oor te gee nie. Die bombardement deur die vyand is toe dadelik voortgesit, met 'n groter aantal kanonne as die vorige dag, en was so hewig dat die grond oor die hele terrein daaronder gebeef het. In die namiddag het Gen. de Wet en Kom. A. Cronjé weer hulle verskyning gemaak, en die Engelse andermaal uit die heuwels ten suide van ons posiesies verdryf. Kommandante Froneman en Potgieter, die geleentheid te baat nemende, het toe met nog 64 manskappe deur die skoongemaakte terrein gery, en hulle aangesluit by De Wet en A. Cronjé. Deur die twee dae se bombardement was die groot meerderheid van ons perde doodgeskiet, en die burgers wat toe in die posiesies agtergebly het, was dientengevolge byna almal voet-volk geword. Byna ons hele laer was ook aan brand geskiet, en ons proviesies en die grootste gedeelte van ons ammuniesie was deur die vuur ver-

BIBLIOTEEK U.S.

brand. Van 20 tot 24 Februarie is gedurende die dag aanhoudend op ons posiesies gebombardeer, en ook af en toe gedurende die nag, dog nie so hewig as op die 19de.

In die nag van die 24ste het dit 'n rapportganger met name Danie Theron (dieselfde Theron wat later onder Generaal de Wet diens gedoen het as kommandant van die Verkenningskorps) geluk, om deur die lienies van die Engelse te sluip met 'n rapport van Generaal de Wet. Daarin het Generaal de Wet vir Generaal Cronjé versoek om gedurende die nag van die 25ste 'n pad te slaan deur die lienies van die Engelse aan die suidekant, en het hy hom ook meegedeel dat hy hom ses myl van ons posiesies met 'n versterking sou ontmoet.

Teen die middag van die 25ste het die rivier onverwags afgekom, en om die burgers aan die noordelike kant in staat te stel om in die aand na die suidelike kant oor te kom, was dit nodig 'n brug oor die rivier te werp, wat 'n geensins gemaklike taak was nie. 'n Brug is in der haas van waens en kettings gemaak, maar dié aand was die rivier so geswel, en het die stroom so sterk geword, dat die brug weggespoel het, en die burgers aan die noordelike kant is dientengevolge verhinder om na die suidelike kant oor te kom. Die Generaal, menende om hierin 'n vingerwysing waar te neem, het toe afgesien van sy plan om die nag deur te breek. Op 'n vergadering van die Krygsraad is die aand besluit om nog tot Woensdag, die 28ste uit te hou, en dan 'n pad deur te slaan as die omstandighede gunstiger sou wees.

Die dag van die 26ste Februarie het aangebreek. Die gebeurde van die vorige aand het 'n ongunstige

P64/389



uitwerking op die burgers gehad. 'n Gees van moedeloosheid het onder hulle begin heers. Hulle het tot die konklusie gekom dat dit 'n hopelose saak sou wees om te trag 'n pad deur die posiesies van die vyand te slaan, aangesien die mag van die vyand rondom hulle, versterk deur fortifikasies, te oorweldigend was. Hulle vrees was dat die meeste van hulle sou doodgeskiet word, en die wat oorskiet tog op slot van sake omsingel sou word en verplig wees om hulle oor te gee, „sonder dat daaruit enige voordeel vir land en volk sou voortvloei." Daarby het nog gekom dat die burgers sonder kos was en dat 'n groot gedeelte van hulle lydende was aan disenterie, waar deur hulle ongeskik gemaak was om teen die vyand uit te trek. Teen die aand was die bombardement buitengewoon hewig en verskillende ongevalle het plaasgevind. Hoe langer hoe meer het die gevoel onder die burgers algemeen geword, dat dit onder die omstandighede maar bes sou wees, om hulle aan die vyand oor te gee.

In die aand is daar Krygsraad gehou, en met die teenstem van Generaal Cronjé is besluit tot oorgawe. Die volgende môre om 6 uur is die heer Penzhorn, een van die adjudante van die Generaal, en die heer Keizer, sy sekretaris, onder 'n wit vlag na die Engelse gestuur met die mededeling dat ons besluit het om ons oor te gee. Lord Roberts het Generaal Cronjé toe laat weet dat hy persoonlik moes oorkom. Die Generaal het toe sy perd opgesaal en na die kamp van die Engelse gery. Daar is hy deur Lord Roberts begroet met die woorde: „General Cronjé, I am glad to meet so brave a man." Ons het toe ons wapens afgelê, en moes in aller yl marsjeer na Modderrivier-

spoorwegstasie. Die getal wat hulle oorgegee het was 2,646 Transvalers en 1,244 Vrystaters — 'n totaal van 3,890.

Op Modderrivierstasie het ons enige dae vertoef, en ons offisiere het die geleentheid te baat geneem om 'n noukeurige lys van ons verliese op te maak. Daaruit het geblyk dat ons verliese van 15 tot 27 Februarie was: gedood 87; geword 162; totaal 249.

Van Modderrivierstasie is ons per spoor na Kaapstad vervoer. Van Lord Roberts en sy ondergeskikte offisiere het ons goeie behandeling ontvang, maar die behandeling wat ons gekry het nadat ons aan die outoriteite in die Kaapstad oorhandig was, het my aan die Latynse uitdrukking „vae victis" (wee die oorwonnenes) laat dink.

Te Kaapstad is die Transvalers van die Vrystaters afgeskei, en nadat ons (Transvalers) enige weke deurgebring het op transportskepe in Simonsbaai, is ons na St. Helena oorgeskeep, en in die kamp te Deadwood geïnterneer. Vandaar het ons eers na die vredesluiting, Mei 1902, teruggekeer na ons Vaderland.